

# TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: .Port Elizabeth Wes...      Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

## Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by [www.ngkok.co.za/eenheid](http://www.ngkok.co.za/eenheid). Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

## A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle  
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]  
J''      Kerkraad  
J''      Wyke  
J''      Kleingroepe  
J''      Lidmate: byeenkoms  
..      Lidmate: individueel  
..      Ander: ....Gemeente vergadering.  
.....
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?  
J''      Ja  
..      Nee

## B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?  
Mening oor die voorstel?

Bybels sou ons nie beswaar teen die inhoud kon hê nie. Lidmate se belewenis van Belhar belydenis, is dat keuses van temas en tekste wat gebruik was blyk politiese keuses te wees. Die vrees is dat ons as kerk so besig mag wees met Belhar belydenis en die aanvaarding daarvan of nie, dat al die energie daarin gaan, mense hul passie vir die koninkryk verloor en ons so ons roeping versaak.

Wat moontlik sou bygevoeg kon word, is die Skrif se siening van die welvarende gelowiges in die skrif. Blyk uit die belydenis dat God net aan die kant van die armes is.

Waarom tree VGK voorskriftelik op en lyk of NGK agterna loop?

Kerkhereniging beteken nie om polities korrek te wees nie.

Wat diep bekommer dat passie vir Here en Evangelie weggeraak het uit kerk en dat dit gaan om MY. Vraag is of dit nie so is by die VGK en NGK nie?

Here en sy belange is nie voorop nie, dis die idee wat die lidmate het.

Voorstel is gemaak dat al die kerke Belhar sou gebruik as gespreksbasis en daarvandaan 'n heeltmal nuwe belydenisskrif opstel vir al die kerke gesamentlik.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

### C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die model moet ruimte laat dat elkeen binne sy eie kultuur en keuse die Here met vrymoedigheid kan dien. Dis wat ons tans beleef in die huidige kerklike struktuur, waar gemeentes deel van die Ring is, maar dat elk die ruimte gegun word om in sy eie omgewing vir die mense van sy omgewing sinvol kerk te wees.

Die vrees is dat ander kerke met hulle getalle en so stemme dalk die karakter van ons kerk en gemeentes kan verander. Daar word beleef dat waar 'n aantal Afrikaans sprekendes teenwoordig is en enkele Engelssprekendes is in die geselskap, dat daar verwag word dat die taal van die geleentheid verander sal word na Engels. In werklikheid vind dit meestal ook plaas.

### D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Die indruk wat gekry word, is dat ander kerke net wil gebruik maak van ons bronne en fasiliteite.

Verder word daar beleef dat net van die NGK se kant af inisiatief geneem word, maar nie so direk van VGK nie.

### E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Daar word beleef dat leraars en leiers by die ander vennote in die proses Engels voorkeur gee in plaas van eie taal.

Die indruk word gekry dat van die blankes se kant daar makliker versoenend opgetree word as onder die ander groepe. Veral as gekyk word na die aksies tussen die VGK en NGKA en eiendomme in die Vrystaat. So word van die VGK se kant oënskynlik nie so baie moeite gedoen om versoening met ander kerke as met die NGK nie. Die vraag is: Waarom?

Misdaad en geweld maak ook dat daar min kontak is uit na die woongebiede. So is dit in sekere areas ook op hulle aanbevelings.

Regstellende aksies posisies en aanstellings maak dat van ons mense nie aangemoedig word om uit hul pad te gaan vir versoening nie. Veral word genoem van die gesindhede van persone in senior poste.

**F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband**

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

.....  
.....  
.....

**Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.**

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

**Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055**